

Jaargang 1 — Nr 11

By die NPK as
Nuusblad geregistreer

BY DIE DEPARTEMENT VAN BINNE-
LANDSE AANGELEENTHEDE AS NUUS-
BLAD GEREgistREER.

• DIE • PATRIOT

Posbus 1642, Pretoria 0001 — Tel 21-8549

38c
+ 2c
AVB

29 OKTOBER 1982

Swartes kom in '86

Stedelike Swartes gaan binne vyf jaar in die blanke Parlement verteenwoordig wees.

Hierdie erkenning oor die Regering se toekomsplan-
ne vir die stedelike Swartes
wat deur 'n vooraanstaande
Swart ondersteuner van

Regeringsbeleid, mnr
David Thebehali, "burge-
meester" van Soweto, in
Brittanje gemaak is, plaas
die NP op die vooraand

van die belangrike tussen-
verkiesings in Parys, Stel-
lenbosch, Walvisbaai en
Bothaville voor een van
die grootste geloofwaar-

digheidskrisisse in sy ge-
skiedenis.

Regeringskoste

Mnr Thebehali reis nie
alleen in die buiteland
rond op Regeringskoste
nie, maar het ook op 'n
gastekonferensie gepraat
wat deur die Suid-Afri-
kaanse ambassade in Lon-
den gereël is.

Hy het saam met die
onder-voorsitter van die
SAUK-Raad, prof Sampie
Terreblanche opgetree.

Saamstaan

Uitgelese Britse me-
ningsvormers is na die
gastekonferensie genooi
waar mnr Thebehali ge-
praat het. Hy het met
verwysing na die konfe-
derasie van state gesê die
bedoeling daarmee is dat
die state van Suidelike
Afrika sal saamkom om
bronne, geriewe en voor-
uitgang te deel in 'n
bedeling waarin wit en
swart volke sal saamstaan.

Die plek van die stede-
like swart man, sê hy, is
in die blanke Parlement.

Integrasie

"Polities is ons op die
grens van integrasie as
permanente lede van die
stedelike gemeenskap.
Ons voorsien die ontwik-
keling van stelsels wat
ons 'n seggenskap in
streeks- sowel as die
sentrale regering sal gee.
Hierdie ideaal kan binne
vyf jaar bereik word."

Hierdie ideaal vir ver-
andering sal uit eie inisia-
tief in Suid-Afrika kom.
Die momentum sowel as
die welwillendheid daar-
voor bestaan reeds, het
hy gesê.

Erkenning

In reaksie hierop het

die Hooftleier van die
Konservatiewe Party, dr
Andries Treurnicht gesê
dit is nie verbasend dat
erkennings van hierdie
aard nou begin uitslaan
nie.

"Hierdie klanke is reeds
in die Presidentsraad ge-
hoor met verwysing na dr
Dennis Worrall en dr
Schalk van der Merwe.

Gekant

"Omdat die KP hierdie
toedrag van sake voorsien
het, is ons met soveel mag
daarteen gekant. As
Swartes eers in die blanke
Parlement opgeneem word,
is dit ikabod met blanke
selfbeskikking."

By dieselfde konferensie
het prof Terreblanche
gesê die skeuring in NP-
geledere wat vroeër reeds
moes gekom het, het dié
party vir vernuwung los-
gemaak.

Goedkeuring

Die inligtingskandaal
het gehelp om die skakels
wat die ou NP gehand-
haaf het, te verbreek,
naamlik tussen die kerk,
kookus, kultuurorganisa-
sies en staatsdiens.

Dr Treurnicht het gesê
prof Terreblanche se stel-
lings kom neer op 'n
voorlopige goedkeuring
dat Swartes ook by die
nuwe bedeling betrek moet
word.

Mnr Thebehali se stel-
lings klop byna honderd
persent met dié van prof
Johann Strauss van Bloem-
fontein wat gesê het hy is
in 1979 reeds in Europa
en die VSA met die
"inligting" gekonfronteer
dat Swartes in 1986 in die
parlement sal wees en dat
dié inligting uit "hoogge-
plaaste kringe" in die
RSA kom.



Prof Sampie Terreblanche, onder-voorsitter van die
SAUK se beheerraad, maak NP-propaganda in die
buiteland.

Stem vir hulle toekoms



Kiesers van Parys, Walvisbaai, Stellenbosch en Bothaville gaan op 3
November nie alleen 'n stem uitbring wat 'n wesentlike invloed op hulle eie
veilige toekoms gaan hê nie, maar veral dié van kinders soos hierdie sal
beïnvloed. Verkies u dat Nie-Blankes oor hulle toekoms moet besluit? Dr At
van Wyk, die KP se kandidaat vir die Volksraad in Parys, dra wel hierdie
kinders se belange op die hart.

TREURNICHT PRAAT MET DIE KIESERS

• DIE •
PATRIOT

het van adres verander

Lesers word daarop gewys dat ons nuwe tele-
foonnummers die volgende is:
21-8549
21-8557

Ons posbusnommer bly nog dieselfde,
naamlik Posbus 1642, Pretoria.

Indien u ons persoonlik wil kom besoek,
ons nuwe adres is: Southern House-gebou,
H/v Banksteeg- en Pretoriusstraat, Pretoria.

Lees binne:

- P 2 — Aborsie ontoelaatbaar
- P 3 — Tussenverkiesingsnuus
- P 4 — Buthelezi-kommissie se bevinding
- P 6 — Desentralisasie
- P 7 — ASB en politiek
- P 8 — Vroueblad
- P 9 — ARBSA se referendum
- P 11 — Afrikanereenheid
- P 12 — As AB skik, is eenheid kapot
- P 17 — Weste ly onder sanksies
- P 20 — Landboufront



Prof Ben Engelbrecht, professor in Dogmatiek en Christelike Sedeleer aan die Universiteit van Pretoria.

● Sinode-besluit

Aborsie is ontoelaatbaar

DIE Sinodebesluite waarin aborsie as ontoelaatbaar afgewys word, is nie net in kerklike kringe nie maar by die breë publiek met instemming begroet. Medici en opvoedkundiges met wie *Die Patriot* gepraat het sê dit is 'n suiwer standpunt en daar sal nou op ander lewensgebiede ook ernstig en indringend oor die saak besin moet word. Wetgewing in dié verband sal weer onder die soeklig kom.

Die bestaande denke en wetgewing oor aborsie is glad nie finaal nie en daar is nog baie tekens van onsekerheid en verwarring by mense, ook medici, wat besluite moet

neem. Hoewel ons wetgewing as "streng" beskou kan word, is daar geneesheren wat sê dis nie billik om van hulle te verwag om 'n keuse te maak tussen twee lewens nie, ongeag die omstandighede.

Toeskietlik

Volgens hulle kan daar net een van twee standpunte wees, een dat aborsie verbode is en die ander dat dit op aanvraag beskikbaar mag wees. Daar bestaan tans organisasies wat hulle in die laasgenoemde rigting beywer en wat ons wetgewing in dié opsig meer toeskietlik wil hê.

Selfs in invloedryke kringe word betoog dat indien aborsie toegelaat sou word, dit die geboortekoerse onder Nie-Blankes vinniger sal laat afneem as enige van die voorkomende metodes wat tans gebruik word. Christen-geneesheren maak hier teen egter sterk beswaar en die Sinode se uitspraak verskaf aan hulle tydige en waardevolle ondersteuning.

Eie liggaam


Diegene wat aborsie gewettig wil hê, voer aan dat elke mens baas is van sy eie liggaam en self moet kan besluit wat hy daarmee wil maak. Dit hang saam met die beskouing dat "lewe" en persoonlikheid eers op 'n gevorderde stadium van swangerskap intree en straks eers by geboorte.

Oor die vraag wanneer 'n eiersel reeds 'n mens is wat nie gedood mag word nie omdat hy na die beeld van God geskape is, bestaan daar onder geleerdes verskil van mening.

Prof D A du Toit van die Teologiese Fakulteit



Prof D A du Toit van die teologiese fakulteit van die Universiteit van Stellenbosch. Hy veroordeel aborsies skerp.



Prof Jan van der Merwe, hoof van die Departement Verloskunde aan die Universiteit van Pretoria.

van die Universiteit van Stellenbosch het 'n werklike geval aangehaal van 'n moeder van 'n tweeling wat op 'n laat stadium 'n aborsie verlang het: een kind is toe dood gebore maar die ander lewend. Dieselfde medici wat al twee lewens wou beëindig, het egter 'n paar uur later verbete maar tevergeefs geveg om die nog lewende

kind se lewe te probeer red. Professor du Toit veroordeel so 'n denkwyse baie skerp.

Nie na willekeur

'n Christen beskou sy liggaam nie as sy eie besit waarmee hy na willekeur kan handel nie: "Julle behoort nie aan julleself nie: julle is gekoop en die prys is betaal. Julle moet

God dus in julle liggame verheerlik."

Prof du Toit voer mediese en Bybelse getuienis aan dat lewe by bevrugting begin en dat aborsie op enige stadium dus die neem van 'n lewe behels.

Proefbuis

Prof Jan van der Merwe, hoof van die Departement van Verloskunde aan die Universiteit van Pretoria, het in sy professorale intrede gesê: "Om van die veronderstelling uit te gaan dat bevrugte eierselle in die proefbuis lewe is, is miskien ietwat vergesog."

Prof B J Engelbrecht, professor in Dogmatiek en Christelike Sedeleer aan dieselfde universiteit sê egter Christelike uitleggers is dit feitlik eens dat die vrug nie ná die oomblik van bevrugting gedood of vernietig mag word nie.

Nóg probleme

Hy gaan veral in op die begin van lewe in 'n proefbuis en gee toe dat daar rondom dié saak vir Bybelgeleerdes nog probleme bestaan wat dringend ondersoek moet word.

Voorlopig moet die kerk adviseer dat alle bevrugte eierselle wat vir bevrugting in 'n proefbuis uit die vrou uitgeneem is, gelyktydig weer teruggeplaas moet word, aldus prof Engelbrecht.

GEBOORTE VEILIGER

DIE VSA-Sentrum vir Siektebeheer kom in 'n navorsingsverslag tot die gevolgtrekking dat aborsies ietwat veiliger is vir moeders as kindergeboorte. Uit elke 100 000 geboortes sterf gemiddeld 8,4 moeders meer as uit elke 100 000 aborsies. Die sentrum maak egter geen melding daarvan dat geboorte veel veiliger is vir die kinders as aborsie nie: Uit elke 100 000 aborsies sterf gemiddeld 98 800 kinders meer as uit 100 000 geboortes.

GELD

Oorkom u skuld las in 90 minute — SONDER OM GELD TE LEEN

Stuur aan:
Skuld opgelos,
Posbus 30236,
LES MARAIS
0038

Ingesluit R12 (AVB ingesluit) vir:

* om my skuld las op te los sonder om geld te leen

* 12 maande geld terugwaarborg

NAAM

ADRES

Tel.:

Poskode

NP WIL KIESERS NOU VERVOLG

VERONTWAARDIGING heers in Kaaplandse NP-kringe oor dié party se voorgenome optrede teen kiesers wat die benoemingslys van die kandidate vir die Konserwatiewe Party op Stellenbosch onderteken het.

Volgens die nuwe hoofsekretaris van die Kaaplandse NP, mnr Frik van Deventer, word die saak nog ondersoek, maar sodra dit afgehandel is sal oor moontlike party-optrede besluit word.

Blykbaar tree mnr Van Deventer in opdrag van mnr P W Botha, leier van die Kaaplandse NP op wat vroeër gesê het diegene wat die benoemingslys onderteken het, het die NP-grondwet oortree.

Na verneem word het verskeie studente van Stellenbosch wat ingeskrewe lede van die Kaaplandse NP is die benoemingslys onderteken. Hulle motivering was dat hulle elke party die demokratiese reg gun om aan 'n verkiesing deel te neem.

Vroeër het die NP-mondstuk in die Kaap gal gebrak oor die feit dat 'n PFP-lid, mnr Jannie Gagiano die KP se benoemingslys onderteken het.

Noudat daar van hulle eie mense agter die deur staan, bly die koerant stil.

APARTHEID: WAT SÊ DIE SKRIF?

In die lig van die onlangse aanval op die binnelandse beleid van Suid-Afrika op die Wêreld-bond van Gereformeerde Kerke in Ottawa is die saak van apartheid nou weer terdeë ter sprake.

Dit is ook op die pas afgelope sinodesitting van die N.G. Sending kerk as 'n kettery veroordeel.

Die sinode van die N.G. Kerk het nou ook daarvoor te staan gekom.

Wat sê die Bybel aangaande rasseverhoudinge? Is daar meerderwaardige en midnerwaardige rasse in die wêreld? Bogenoemde boek sal die skriftuurlike antwoord op hierdie aktuele vraag, en die implikasies daarvan gee.

Dit sal op aanvraag gratis en sonder enige verpligting aan u gestuur word.

SKRYF AAN: F.W.C. NESER, POSBUS 757, VEREENIGING 1930

Rasmening deur Sinode verwerp